heidekoppie nuus

25 Julie 2021

Kerkkantoor-ure: Weeksoggende 09:00 – 12:00

Joh **20:21**
"'Vrede vir julle!' sê Hy weer vir hulle.
Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook."

VANOGGEND Ds Willie Viljoen Johannes 17 *Jesus se gebed is vir nou.*



Die bybelgedeeltes hierbo val onder die genre "lament". Die woord "lament" of "weeklaag" kan vertaal word met "kla", "kerm", "neul", "huil", "rou", of "betreur". 'n Lament is 'n uitroep, 'n klag, 'n gebed, of 'n emosionele uitbarsting (woedend, wrokkig, teleurgesteld, moedeloos, hartseer) wat aan God gerig word. Daar is talle lament-voorbeelde regdeur die Bybel; tewens dit lyk asof dit aangemoedig word! Gelowiges word genooi om eerlik voor God al hul gevoelens bekend te maak, en om nie hul onsekerheid, woede, hartseer, rouklag, neerslagtigheid, gegriefdheid, en vyandigheid teenoor God weg te steek nie!

'n Lament is die uiterlike tentoonstelling van 'n innerlike stryd; 'n outentieke geloofshandeling waardeur jy die impak van 'n insident erken, verwagtend na God draai en vra: "Here, hoe nou gemaak?" In die Ou Testamentiese tye was daar selfs lament-rituele, soos om jou klere te skeur, en om stof of as op jou kop te gooi. Dit was 'n belangrike deel van mense se geleefde geloofspraktyke. Die bekende "Wailing Wall" (of die Klaagmuur) in Jerusalem is 'n mooi voorbeeld van gelowiges wat vandag nog van regoor die wêreld kom om sonder skaamte of terughou te kla en te treur, te rou en hul gebede aan God te rig.

Die teologie hieragter leer ons: God se kinders mag/moet voel! Hulle mag/moet ook vrae vra!

Om te lament is nie verkeerd nie – om vrae te vra en te worstel met God is nodig om sin te maak van die huidige omstandighede. Natuurlik moet 'n mens ook respek inreken by hierdie gebruik, maar dit is nie disrespekvol om aan God vrae te vra nie. Jy moet vrae kan vra – al weet jy dat jy nie noodwendig antwoorde gaan kry nie. Dit is 'n gawe waarmee ons God leer ken as die Almagtige Skeppergod en Koning, asook die Barmhartige Vader vol deernis en liefde. '**n Lament is 'n gebed met die verwagting dat God sal hoor, sal intree, sal medelye hê, sal bemoedig, sal herstel.**

Dit is soos 'n kind wat van sy fiets afgeval het, en na sy ma toe gaan om te wys waar hy seergekry het, met die wete dat die ma hom sal verstaan, hom sal vashou, en sal sê: "Dis oraait. Ek is hier."

Mias van Jaarsveld - NG Gemeente Heuwelsig

Die Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
ontvangs@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie I
https://www.youtube.com/ user/heidekoppie

Leraars: Ds Anton Roux ants@heidekoppie.com 083 504 2613
Ds Franz Burger 060 360 5305 franz@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 jeugwerker@heidekoppie.com

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die vlg persone, 70jr en ouer, wat verjaar!

19 Julie
Irene Nieuwoudt
20 Julie
Babs Eksteen
Johanna Geyer
Gerda Kruger
Jeanette Steenkamp
22 Julie
Dalene van Vuuren
23 Julie
Lukas Maré
24 Julie
Thinus Schoeman
25 Julie
Lilly Swart
26 Julie
Minnie Nothnagel
27 Julie
Elsa du Plessis
Fransie Lombard
Susan Schoeman
28 Julie
Danie Smit
31Julie
Jane Smith

SnapScan
Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

Bankbesonderhede:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell Tak,
Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr.:
145 058 0674

EREDIENSTE

Eredienste, Kinderkerke en Space sal weer hervat wanneer inperkingsmaatreëls dit toelaat.

Ons wou graag eersk Sondag 1 Aug weer begin, maar wag op hierdie stadium vir die nuwe maatreëls wat DV vanaand (Sondagaand) bekend sal wees.

Daar word steeds weeklikse video- en klankopnames op Sondae beskikbaar gestel. Heidekoppie se YouTube-kanaal waarop al die ou videos ook is: https://www.youtube.com/user/heidekoppie

Kontak Jackie by admin@heidekoppie.com om op 'n whatsapp-groep geplaas te word om die erediensskakels en ander belangrike nuus te ontvang. Jy kan ook aansluit deur hierdie skakel te volg: https://chat.whatsapp.com/KWowXC8fEShJXoSbFuzVkg

MEELEWING

Ons is verslae oor Vanessa Beetge wat Woensdagoggend oorlede is. Ons huil saam met Stephan, Jean en die familie. Mag God julle vertroos.

DIE GEMEENTE MET OOP DEURE

Heidekoppie

HEIDEKOPPIE 40 JAAR – WEN R4 000!

Heidekoppie is vanjaar 40 jr oud en as deel van ons feesvieringe is daar 'n kom-petisie om ons LOGO te "herontwerp/moderniseer"! Enige iemand mag deel-neem.

Die basiese elemente moet steeds daar wees:

- Aardbol
- Oop Deur
- Mense (nie herkenbare ouderdom / ras / geslag) wat in en uit beweeg
- Kruis

Stuur jou ontwerp na admin@heidekoppie.com teen Vry 6 Aug 2021. Die persoon wie se logo as die nuwe logo van die gemeente aangewys word, wen R4 000! Die Gemeente behou wel die reg voor om nie 'n wenner aan te wys nie.

BLOEDSKENKKLINIEK

HEIDEKOPPIE
Woensdag 28 Julie
13:30 – 19:00

Wie mag bloedskenk? Lees meer hier: [Who can donate? – Western Cape Blood Service (wcbs.org.za)]

Inskrywingsvorms elektronies by die kerkkantoor beskikbaar.

BOKSIES VIR DOWES

Ondersteun die Nasionale Instituut vir Dowes se fondsinsamelingsinisiatief. Kry 'n boksie by die kerkkantoor, vul dit met jou kleingeld en bring weer terug die kerkkantoor toe. Jou kleingeld kan 'n groot verskil maak in die lewe van 'n dowe!

HELP MEKAAR

Oumawoonstel in Klaradyn te huur vanaf Januarie 2022: Bestaan uit slaapkamer, volledige badkamer, mini kombuis, leef-area met binnebraai. Alles ingesluit. Heeltemal privaat. Beskikbaar Jan. 2022. R5 000/maand. Kontak die kerkkantoor.

HUGENOTE KOLLEGE, WELLINGTON BIED AAN:

Bedienaarskursus in Pastorale Sorgvaardigheid

Spesiaal vir:

* Kerkraadslede met 'n passie om medegelowiges pastoraal te ondersteun en by te staan;
* Gemeentelede wat by berading betrokke wil raak of reeds is;
* Gelowiges wat meer kennis oor die pastorale versorging van mense in nood wil opdoen.

Die kursus word per afstand-onderrig via internettegnologie oor 2 jaar aangebied.'n Nie-SAQA-geakkrediteerde Kerk-diploma wat deur die NG Kerk vir die bevestiging as Bedienaar in 'n gemeente erken word, word aan suksesvolle kandidate toegeken.

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

Inskrywings word aanlyn gedoen by www.hugenote.com.
Aanvangsdatum: 1 September 2021

VIR MEER INLIGTING KONTAK:
DR RETHA KRUIDENIER - retha@geo-logic.co.za
HUGENOTE KOLLEGE - applications@hugenote.com

BID SAAM

TAXI-GEWELD

Iemand skryf so op *facebook*: "Ek is baie hartseer, want ons is dames in 'n gebied met baie taxi-geweld. Ons gaan ons werk verloor. Die taxi's by ons laat nie busse, ubers, personeelvervoer of privaatmotors toe nie. Ons is broodwinners. Passasiers verloor ook hulle lewens. Die skietery maak ons bang om uit ons woonplekke te gaan. Ons werkgewers vertaan nie die situasie nie. Hou ons asseblief in julle gebede."

HERSTEL

Dank die Here vir gemeenskappe wat saamstaan en begin het met opruimingswerk na die onluste en plundery. Bid vir onskuldige partye wat nog nie toegang het tot kos nie, vir talle wat werkloos gelaat is, vir mense wat alles verloor het en nie weet hoe om vorentoe te gaan nie. Vir die groot maatskappye wat miljoene rande verloor het en daagliks verloor. Bid dat ons vredemakers in ons eie omgewing sal wees. Bely jou eie haat en bitterheid voor die Here.

OORSTROMINGS

Swaar reën wat op 14 Julie begin het, het verwoestende gevolge in Duitsland en ander ander Europese lande gehad. Sommige gemeenskappe was totaal afgesny, sonder krag en kommunikasie. Vloedwater het hele dorpies oorstroom en meegesleur. Lande wat geraak is, sluit Duitsland, Oostenryk, Switserland, Luxemburg en Nederland in. Bid vir duisende mense wat dakloos gelaat is, families wat sonder heenkome is en in rou gedompel is, infrastruktuur wat herstel moet word en gemeenskappe wat weer herbou moet word.

VANDAG

"O God, laat my die dag ingaan met die gretige verwagting om U telkens
in my medemens raak te sien.
Laat my getrou werk en goeddoen aan ander;
ook waar niemand dit raaksien nie.
Help my o God om heeldag 'n positiewe gesindheid te behou;
om my humeur te beteuel,
om ander nie so maklik te veroordeel nie,
om my eie optrede en motiewe te ondersoek.
O Here, laat my vandag met vreugde én verantwoordelikheid onthou
dat ek elke oomblik voor u aangesig lewe.

- Rita Snowden